

**26 April**

**Johannes 4:41- 59**

(Teks: 6:47)

***Wie in Jesus Christus glo, hét die ewige lewe***

Die ewige lewe is 'n werklikheid. Dit is hier en nou. Dit is nie net toekomsmusik nie. Dit is nie nét iets vir die hiernamaals nie. Vir elkeen wat in Jesus Christus glo, is die ewige lewe 'n daaglikse werklikheid hier op aarde.

Jesus maak hierdie uitspraak in 'n preek of rede nadat Hy twee tekens gedoen het: die vermeerdering van die brode en vissies (Johannes 6:1-15); en sy loop op die see (Johannes 6:16-21). 'n Mens sou dit kon noem 'n broodwonder en 'n waterwonder. In sy preek sluit Hy aan by die twee wondertekens waarin Hy Hom as die Christus (Gesalfde) van God openbaar. Met die tekens as agtergrond druk Hy die verhouding met Hom uit in terme van eet en drink (kyk vers 55, 56). Wanneer kos en drank ingeneem word, word dit een met die liggaam. Wie waarlik in Jesus Christus glo, word deur die geloof een met Hom. Wie een is met Jesus Christus, hét die ewige lewe.

Die ewige lewe is 'n nuwe bestaanswyse. Dit dui nie net op 'n lewe sonder einde nie. Dit dui op 'n nuwe kwaliteit van lewe. Die ewige lewe is die lewe in die koninkryk van God. Van nature staan alle mense buite die koninkryk. Elkeen wat deur 'n ware geloof aan Jesus Christus verbonde is, vorm deel van die koninkryk.

Wat ons daagliks dink en doen en sê moet ons vanuit 'n ware geloof doen met die wete dat ons reeds ons ewige lewe leef.

Sing Skrifberyming 33:1

Dr. J. le Roux (Pretoria-Brooklyn)